KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED NCRCP 2580
Epos / e-mail: Debiteure@klk.co.za
☎ 054-337 6200
NCRCP 2580

17 April 2023

Geagte KLK Rekeninghouer

KLK implementeer ‘n nuwe stelsel om die belange van rekeninghouers te beskerm. Die bestaande proses waar ’n handtekening gebruik word om transaksies te bekragtig, gaan vervang word met die gebruik van ’n PIN. Die proses verbeter die sekuriteit ten opsigte van die operasionele stelsels tussen KLK en die rekeninghouer.

Persoonlike Identifikasie Nommer (PIN) word gekoppel aan jou rekening.

Gebruik van die PIN?

- Die PIN moet bestaan uit ‘n kombinasie van vier numeriese karakters.
- Die rekeninghouer kan gevolmagtigde gebruikers van die rekening aanwys wat elkeen ‘n unieke PIN kry wat gebruik word tydens die gebruik van die rekening.
- Die PIN word geaktiveer met die eerste aankope wat plaasvind na 3 Julie 2023.
- Die gebruik van die PIN word verpligtend vanaf 3 Julie 2023 vir rekeninghouers en gevolmagtigde gebruikers van KLK rekeninge.

Hoe aktiveer ek my PIN?

- Die addendum tot die Kredietooreenkoms moet **voltooi en geteken** word deur die **rekeninghouer** sowel as **gevolmagtigde gebruikers** van die rekening.
- Die getekende addendum kan ingedien word by die naaste KLK tak of dit kan per e-pos gestuur word aan debiteure@klk.co.za.
- ‘n Afskrif van die ID van rekeninghouer en gevolmagtigde gebruikers moet saam met die addendum ingedien word.

Hoe herstel ek my PIN?:

- Die PIN gebruiker kan sy PIN herstel by die naaste KLK tak.
- Die PIN gebruiker moet sy bewys van ID toon voordat die PIN herstel kan word.
- Indien die PIN verander word sal ‘n kennisgewing gestuur word na die betrokke PIN gebruiker se selfoonnommer.

STOP rekening inligting:

- Indien die gebruik van die PIN op die rekening gestop moet word moet die PIN gebruiker per e-pos die versoek rig aan debiteure@klk.co.za. U takbestuurder moet ook in kennis gestel word.

Waar kry ek my fakture?

- Die state en fakture word maandeliks per e-pos aan rekeninghouers gestuur.

Indien daar enige navrae is kontak die debiteure afdeling by Hoofkantoor (054 337 6200).

KLK Groete.